DIE MEERSTAMMIGE PIERNEEFSTYL

CHARLES CERONIO

INLEIDING

Soos ons weet is die Pierneefstyl eie aan Afrika en kom dit nêrens elders in die wereld voor nie. Ons het dus hier met 'n unieke styl te doen wat deel is van ons alledaagse leefwêreld.

Omdat die rondekroon die basis van die styl is, kan daar dus 'n aantal variasies in die styl voorkom. Afgesien van die enkel- of tweestammige style, kan ons ook 'n meerstammige Pierneefstyl kry en selfs ook 'n groep Pierneefstyl. Die Akasia leen hom byna eksklusief tot die Pierneef- en selfs die Platkroonstyl en is daarom 'n outomatiese keuse vir die style.

DIE VORMING VAN DIE MEERSTAMMIGE STYL

'n Meerstammige styl kan op twee wyses daargestel word.

Die eerste wyse is waar die stamme direk op die grond verdeel maar een gemeenskaplike wortelbasis het. Hierdie styl word die Spruitstyl of Kadabuchi genoem.

'n Meerstammige styl kan ook kunsmatig geskep word deur 'n aantal stamme saam te voeg om die indruk te skep dat die bome van een saadpeul opgekom het. Die Japanese noem hierdie skepping Yamayori of Yamayose. Die woord Yose beteken groep.

BASIESE BEGINSELS

* Maak altyd gebruik van onewe getalle soos 5, 7, 11, 13 ens.
* Wanneer baie bome gebruik word, moet die middelste boom altyd die belangrikste of dominante boom wees.
* Daar moet harmonie wees in die takbeweging en takke moet nie die hoofstamme kruis nie. As daar byvoorbeeld 'n hol stam by die een boom voorkom, moet dit sover moontlik in die die ander bome herhaal word. Takke moet dus nie na mekaar groei en weer weg groei nie.
* In die meerstammige Pierneefstyl moet die takke weg van mekaar groei om 'n basis te vorm vir die kroon.
* Hoofstamme groei uitwaarts om na die son te reik. Kleiner stamme kon dus nie soos by ander stamme aan die agterkant of onder die hoofstamme geplaas word nie omdat hul as gevolg van te min sonslig kan sterf.
* Die totale aantal stamme moet die raam vir die Pierneef silhouette verskaf.
* Die voorste stam moet soos by die enkel stam effens na vore buig.
* Die plasing van die raamstamme moet soos in die geval van die enkelboom gedoen word sodat daar voldoende diepte aan die komposisie gegee word.
* Wanneer hoofstamme teenaan mekaar geplaas word, moet die binneste takke en wortels verwyder word sodat die takke en wortels na buite kan groei. Dit skep die illusie van 'n ou meerstammige boom en verleen 'n natuurlike voorkoms aan die eindproduk.
* Die dominante boom moet proporsioneel die dikker stam hê en nie omgekeerd nie.